**Wat is geloof?**

**Heb 11:1-3**

**9 Oktober 2022**

1. Heb 10:19-35 – Ons as gelowiges moet nie ons vrymoedigheid prysgee nie, want dit hou groot beloning in. Ons moet volhard in die geloof, want dit lei tot behoud van die lewe.
2. Heb 11:1 – "Geloof, egter, is...." – duidelik vloei Heb 11 logies voort uit Heb 10
3. Struktuur:
    a. Heb 11:1-3 = Definisie van geloof
    b. Heb 11:4-40 = Voorbeelde van Ou Testamentiese gelowiges wat volhard in geloof
4. Wat is geloof?
    a. Objektiewe definisie (beskryf die dele) – Heidelbergse Kategismus Sondag 7 Vr 21:
        i. Vasstaande kennis – aanvaar inhoud van die Woord
        ii. Vaste vertroue – dat ek uit genade op grond van Christus se verdienste geregtigheid en saligheid mag ontvang
    b. Funksionele definisie (beskryf die funksies) – Heb 11:1-3
        i. Gee sekerheid van die dinge wat gehoop word (v1a)
        ii. Bewys van die dinge wat nie gesien kan word nie (v1b)
        iii. Vanweë hulle geloof ontvang gelowiges lof van God (v2)
        iv. Deur geloof verstaan gelowiges (v3)
5. Geloof gee sekerheid van die dinge wat gehoop word (Heb 11:1a)
    a. Sekerheid = geloofsvertroue (vgl Heb 3:14)
    b. Hoop = die dinge wat nog nie gerealiseer het nie, dus toekomstige dinge, waaraan gelowiges styf vashou (Heb 10:23), toegang tot die Allerheiligste
    c. Geloof is ondersteuning terwyl gelowiges met sekerheid wag op vervulling van hoop (vgl Heb 11:13, Rom 10:6-7)
6. Geloof is bewys van die dinge wat nie gesien kan word nie (Heb 11:1b)
    a. Bewys van dinge wat reeds bestaan, maar net sigbaar is deur geloof (ongelowiges kan dit nie sien nie, al bestaan dit)
    b. Geloof oortuig gelowiges die onsigbare dinge bestaan
    c. Dinge = God, engele, demone, ware tabernakel, ware Hoëpriester, ens
    d. Duiwel het kennis van geestelike dinge, maar erken dit nie (Jak 2:19)
7. Vanweë hulle geloof ontvang gelowiges lof van God (Heb 11:2)
    a. Mense van ouds = Ou Testamentiese gelowiges (vgl Heb 1:1)
    b. Voorbeelde: Henog het met God geleef (Gen 5:24), Dawid was man na God se hart (1 Sam 13:14), Abraham was God se vriend (2 Kron 20:7)
    c. God skenk geloof – berei goeie werke voor vir die gelowige – God gee lof oor die goeie werke (Ef 2:8-10)
    d. Ou Testamentiese gelowiges het reeds deur geloof lof van God ontvang
8. Deur geloof verstaan gelowiges (Heb 11:3)
    a. Gelowiges kan die waarheid insien (vgl 1 Tim 4:3)
    b. Voorbeeld: Gelowiges verstaan God het wêreld geskep deur Sy Woord
        i. Tot onlangs was ongelowiges oortuig die wêreld het altyd bestaan
    c. Wat gesien kan word het nie uit sigbare dinge ontstaan nie (v3b)
        i. Skepping: niks → woes, leeg, donker → lig → volle skepping
        ii. Verlossing: donker → Lig → Ou Verbond → Nuwe Verbond → Volheid
9. Sien jy die funksies van geloof in jou lewe?